# POLICY 044/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **DELEGASIES**

REFERENCE/VERWYSING: **2.5.1**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **27.2/06/2017 (RV)** DATE/DATUM: **30 Junie 2017**

BELEIDSOOGMERK: Om die delegasies en tekenmagtiging ten opsigte van amptenare te reël.

BELEIDSFILOSOFIE & BEGINSELS

Die Raad kan sekere bevoegdhede, verantwoordelikhede en funksies aan amptenare delegeer en opdra vir afhandeling. Die beleid dra dus aan elke identifiseerde amptenaar sekere take en funksies op. Die beleid maak ook voorsiening vir die delegering van mag aan sekere amptenare om sekere dokumentasie namens die Raad te onderteken.

RIGLYNE

**A. Ten opsigte van Bevoegdhede**

1. Die Raad delegeer hiermee, in terme van relevante wetgewing, regulasies, beleidsbesluite en verordeninge (soos reflekteer in Kolom 1), bevoegdhede (soos reflekteer in Kolom 2), aan die Munisipale Bestuurder (soos reflekteer in Kolom 3), in terme van artikel 59 van die Munisipale Stelselswet, 2000 [Wet 32 van 2000].

2. Die Raad verleen verder hiermee magtiging aan die Munisipale Bestuurder om gemelde bevoegdhede (soos reflekteer in Kolom 2) te subdelegeer aan die bekleërs van poste (soos reflekteer in Kolomme 4 en 5).

3. Enige verdere subdelegasie deur amptenare (soos reflekteer in Kolomme 4 en 5) aan ander amptenare kan slegs, met die vooraf goedkeuring deur die Munisipale Bestuurder, geskied.

4. In die afwesigheid van permanente posbekleërs (soos reflekteer in Kolomme 3, 4 en 5), sal die bevoegdhede uitgevoer word deur die betrokke amptenaar wat waarneem in 'n tydelike kapasiteit in die relevante betrekking.

5. Die bevoegdhede moet nougeset ooreenkomstig huidige wetgewing/regulasies en goedgekeurde Raadsbeleide en -besluite geskied.

6. Rapportering (dus verantwoordbaarheid) betreffende gemelde delegasies, geskied in terme van die hiërargiese struktuur (rangvolgorde) van Munisipaliteit Dawid Kruiper.

**B. Ten opsigte van Tekenmagte**

1. Dat die Raad, in terme van artikel 59 van die Munisipale Stelselswet, 2000 [Wet 32 van 2000], asook artikel 79 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003 [Wet 56 van 2003], delegering van alle toepaslike tekenmagte aan die Munisipale Bestuurder, goedkeur.

2. Dat die Munisipale Bestuurder, ooreenkomstig artikel 59 van die Munisipale Stelselswet, 2000 [Wet 32 van 2000], asook artikel 79 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet [Wet 56 van 2003], tekenmagte aan die Direkteure, Afdelingshoofde en ander relevante amptenare subdelegeer, ten einde effektiewe funksionering van die administrasie te verseker.

3. Tekenmagte sal slegs toegestaan word nadat permanente aanstelling van 'n amptenaar bekragtig is ooreenkomstig die Raad se Aanstellingsbeleid, uitsluitend amptenare aangestel in terme van Artikel 57 van die Munisipale Strukture Wet 2000, [Wet 32 van 2000]. Die Munisipale Bestuurder mag egter, nadat sodanige persoon reeds vir 'n minimum tydperk van 1 maand in diens is, volgens sy oordeel, tot en met 'n posvlak 5 aanstelling, wél tekenmagte toestaan aan 'n permanente aanstelling wat nog nie ooreenkomstig die Raad se Aanstellingsbeleid bekragtig is nie.

4. Tekenmagtiging aan 'n betrokke amptenaar delegeer, is nie outomaties oordragbaar nie. Waar vakante betrekkings ontstaan of tydelike afwesighede, mag die betrokke Direkteur, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, tekenmagte verleen aan die amptenaar wat in gemelde poste waarneem, met dien verstande dat gemelde amptenaar volle verantwoordelikheid aanvaar vir transaksies gedurende periode van waarneming gemagtig.

5. Dat delegasies in terme van tekenmagte ooreenkomstig neergelegde wetgewing, regulasies, verordeninge en Raadsbesluite moet geskied.

**PROSEDURE**

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

**A. Ten opsigte van Bevoegdhede**

1. Die Munisipale Bestuurder delegeer skriftelik bevoegdhede aan Direkteure, Afdelingshoofde en ander relevante amptenare. Sodanige tekenmagtiging moet, waar nodig, dienooreenkomstig op die elektroniese finansiëlestelsel van die Raad aangebring word.

2. Die Munisipale Bestuurder en Direkteure moet hulself vergewis van bevoegdhede wat aan hulle, sowel as aan ander amptenare in hul onderskeie Direktorate, opgedra word.

3. Die Munisipale Bestuurder en Direkteure moet verseker dat die onderskeie hoofde vertroud is met die bevoegdhede wat aan hulle delegeer is en toesien dat dit uitgevoer word.

**B. Ten opsigte van Tekenmagte**

1. Die Munisipale Bestuurder delegeer skriftelik tekenmagte aan Direkteure, Afdelingshoofde en ander relevante amptenare. Sodanige tekenmagtiging moet, waar nodig, dienooreenkomstig op die elektroniese finansiële stelsel van die Raad aangebring word.

2. Sodra bekragtiging van 'n amptenaar se permanente aanstelling in terme van die Raad se aanstellingsbeleid geskied, stel die betrokke Direkteur die Senior Bestuurder Interne Oudit dienooreenkomstig skriftelik in kennis, ten einde tekenmagte, van toepassing op daardie betrokke amptenaar, te implementeer.

3. Indien 'n amptenaar waarneem in 'n vakante betrekking, stel die betrokke Direkteur, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, die Senior Bestuurder Interne Oudit skriftelik in kennis, ten einde tekenmagte van toepassing op daardie betrokke amptenaar, te implementeer.

4. 'n Nuwe funksie/kostesentrum moet op die Raad se finansiëlestelsel deur die Hoof Finansiële Beampte geskep word, indien skenkings vir 'n spesifieke doel ontvang word.

5. Waar 'n nuwe begrotingstoewysing geskep word moet die betrokke Direkteur, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, bepaal watter amptenaar tekenmagte op daardie betrokke toewysing moet verkry.

6. Volledige maandelikse verslagdoening deur die Hoof Finansiële Beampte ten opsigte van finansiële transaksies binne 'n bepaalde afdeling/direktoraat gemagtig, moet vir moniteringsdoeleindes, aan die betrokke Direkteur en Munisipale Bestuurder geskied.

ROLLE

1. Die Raad.
2. Die delegeerdes, soos vervat in die **Bylae** is verantwoordelik vir die uitoefening van die delegasies soos op hom/haar van toepassing.
3. Die onderskeie Direkteure is vir die opdatering van hierdie beleid verantwoordelik.
4. Die definisie *"Direkteur"* verwys ook na die Hoof Finansiële Beampte.

VERWANTE BELEID

Alle beleid van die Raad

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige besluite in dié verband, herroep word.

**ANNEXURE "A"**

# CONDITIONS APPLICABLE TO DELEGATIONS

**1. DEFINITION OF DELEGATION**

A "*delegation*" is a formal authority or power to perform an action, and it is for specific tasks, functions and duties. Delegations are designed to ensure responsibility and autonomy is devolved to the appropriate level so that officials can be efficient and effective.

**2. GENERAL RULES AND PROCESSES FOR AUTHORIZATIONS AND DELEGATIONS**

2.1 Delegations are attached to positions and apply only to the position in the area of responsibility that is associated with the position.

2.2 A delegation that is held at a particular level is also held by all higher level managers in the delegates reporting line.

2.3. Council is the only authorized body that may change delegations on a temporary basis as a response to specific needs.

2.4 Delegations of Authorities are revised by Council when necessary. It may initiate such a request based on sound and legal recommendations.

2.5 Delegations are not an order that grants powers of attorney but that right is only reserved to council.

2.6 A recipient of a delegation may not further delegate his/her authority or grant a power of attorney to another person. If a recipient of a delegation of authority is temporarily not able to perform the delegated functions, then he/she may for such temporary period in writing designate a competent substitute to perform the delegated function/s, or alternatively request the next higher level to perform such functions.

2.7 Same level of authorisations may delegate authority to the same level of authority for authorisations in writing.

2.8 A recipient of a delegation of authority should take account of statutory requirements that are applicable to the municipality in the context of procurement etc.

2.9 The recipient of a delegation of authority must always ensure that relevant policies and procedures are taken into account. e.g. the approver accepts responsibility that payment have been obtained, either by way of an approved budget, or by additional allocations by the Finance Directorate, etc.

2.10 The manipulation of any delegation of authority by management with the intent to disadvantage another official or as a means to circumvent any rule, is strictly prohibited.

**3. Scope of application**

As an employer, the Dawid Kruiper Municipal Council (DKM) has the power to delegate authority to appoint staff members as is contemplated. This policy provides for delegation of authority, the

monitoring of operational performance and management that will ensure the municipality achieves its purpose and values.

The policy must incorporate the Rules and Processes for the authority and delegation and the Schedule of authority levels. Every individual indicated in a delegation schedule, should, on behalf of the municipality, understand that, in doing so, he/she is binding the DKM and not just an individual directorate.

The policy should apply to all officials (whether permanently employed or employed on contract) at the DKM.

There cannot be any other authorisations and delegations granted by DKM other than those appearing in the Policy as approved by council.

**4. Objectives of the policy**

4.1 A policy on delegation should ensure best practices in the administration of the municipality assets through consistent approval authority and delegation thereof.

4.2 It must provide clarity of roles and responsibilities in order for administration and others to manage their respective areas of responsibilities in an effective, efficient and transparent manner.

4.3 It must provide for sound stewardship of all resources and assets.

4.4 It must be able to manage the risks at DKM.

4.5 It must support effective and informed decision-making.

4.6 There must be a clear and transparent framework and process and exercise for the approval and authority for the delegation thereof to persons authorized to enter into contractual commitments on behalf of the DKM.

4.7 It must be a consistent system that is clearly accountable at the DKM.

| VERKLARING TEN OPSIGTE VAN AFKORTINGS HIERIN VERVAT | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **MUNISIPALE BESTUURDER** | Munisipale Bestuurder | | | **SBMB** | Senior Bestuurder Kantoor v/d Munisipale Bestuurder |
| | | | | | **SBIO** | Snr Bestuurder Interne Oudit |
| | | | | | **BB & SPEAKER** | Bestuurder Kantoor v/d Burgemeester & Speaker |
| | | | | | **BRB** | Bestuurder Risikobestuur |
| | | | | | **BPB** | Bestuurder Prestasiebestuur |
| | **DKD** | Direkteur Korporatiewe Dienste | | | **SBB&N** | Snr Bestuurder Beleid en Navorsing |
| | | | | | **SBMH** | Snr Bestuurder Menslike Hulpbronne |
| | | | | | **BSEKR** | Bestuurder Sekretariaat |
| | | | | | **HKOM** | Hoof Kommunikasiedienste |
| | | | | | **B IT** | Bestuurder Inligtingstegnologie |
| | | | | | **HRegs** | Hoof Administratiewe Beampte (Regsdienste) |
| | **DGD** | Direkteur Gemeenskapsdienste | | | **SBBD** | Snr Bestuurder Beskermingsdienste |
| | | | | | **HVD** | Hoof Verkeersdienste |
| | | | | | | |
| | | | | | **HBD** | Hoof Brandweerdienste |
| | | | | | **HSD** | Hoof Sekuriteitsdienste |
| | | | | | **BParke** | Bestuurder Parke |
| | | | | | **SBIB** | Snr Bibliotekaresse |
| | **DEMD** | Direkteur Elektro-Meganiese Dienste | | | **HBW&VB** | Hoof Beampte Werkswinkel & Vlootbestuur |
| | **HFB** | Hoof Finansiële Beampte | | | **SBH&I** | Snr Bestuurder Heffings & Invorderings |
| | **DO&B** | Direkteur Ontwikkeling en Beplanning | | | **SBSB&BB** | Snr Bestuurder Stadsbeplanning en Boubeheer |
| | | | | | **BB** | Boubeheerbeampte |
| | | | | | **BLED&T** | Bestuurder LED & Toerisme |
| | | | | | **BBehuising** | Bestuurder Behuisingsdienste |
| | **DSID** | Direkteur Siviele Ingenieursdienste | | | | |

| **TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I)** | **BEVOEGDHEID (Kolom 2)** | **GEDELEGEER AAN:** | **GESUBDELEGEER AAN** | |
|---|---|---|---|---|
| | | **FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 4)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 5)** |
| Artikel 55 van Wet 32/2000 | **1. Die formulering en ontwikkeling van 'n ekonomiese, effektiewe en verantwoordbare administrasie.** | | | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 1.1 Om reklame aangeleenthede te beheer, met inbegrip van die plasing van reklame advertensies in die koerante en ander publikasies, teen 'n koste van hoogstens 'n bedrag wat jaarliks vir dié doel begroot word. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | B LED, T & O |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 1.2 Die verlening van goedkeuring dat 'n telefoon op, of in eiendom van die Raad, installeer word. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 1.3 Om in oorleg met die relevante Direkteur, kantore en ameublement aan die onderskeie amptenare in sy Departement toe te ken. | MUNISIPALE BESTUURDER | DSID, DEMD, DO&B, DKD, DGD, HFB | |
| Beleid 02/2017 – Raadsbesluit 13.3/04/2017 | 1.4 Goedkeuring vir die ad hoc na-uurse gebruik van Raadsvoertuie vir amptelike doeleindes. | MUNISIPALE BESTUURDER | DEMD | HBW&VB |
| Artikel 55 van Wet 32/2000 | **2. Die bestuur van die Munisipaliteit se administrasie in ooreenstemming met hierdie en ander wetgewing van toepassing op plaaslike regering.** | | | |
| Beleid 02/2017 – Raadsbesluit 13.3/04/2017<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 2.1 Die goedkeuring vir die gebruik van ampsvoertuie buite die munisipale gebied. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD, DGD, HFB, DSID, DEMD, DO&B | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 2.2 Ondertekening van dokumente en uitreiking van sertifikate wat deur, of namens die Raad gewaarmerk, verly, onderteken, of verifieer, moet word. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: | GESUBDELEGEER AAN | |
|---|---|---|---|---|
| | | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 2.3 Om goedkeuring ten opsigte van die maak van skenkings en donasies in verdienstelike gevalle vir, byvoorbeeld, gratis beskikbaarstelling van raadsfasiliteite soos gemeenskapsale, sportstadions, akkommodasie en toegang van die Eiland Vakansieoord te gee en kwartaalliks, vir kondonasie aan die Raad voor te lê. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 2.4 Die ontwikkeling van 'n effektiewe en verantwoordbare organisasiestruktuur. | MUNISIPALE BESTUURDER | BMUNISIPALE BESTUURDER | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 2.5 Ondertekening van uitgaande korrespondensie. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD, DGD, HFB, DEMD, DSID, DO&B | Afdelingshoofde |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 2.6 Parkeerplekke, ná oorlegpleging met die Direkteur Korporatiewe Dienste, in die kelders en afdakke toe te ken. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | B SEKR |
| Raadsbesluit E1/666/90 22 Oktober 1990 | 2.7 Die uitoefening van beheer oor die Raad se vuurwapens en ammunisie. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | HSD |
| Artikel 55 van Wet 32/2000 | **3. Die implementering van die munisipaliteit se GOP sowel as die monitering van vordering daarvan.** | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 3.1 Die implementering van die munisipaliteit se GOP sowel as die rapportering van vordering daarvan. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | BGOP |
| Artikel 55 van Wet 32/2000 | **4. Die bestuur van die voorsiening van dienslewering aan die plaaslike gemeenskap op 'n lewensvatbare en eweredige manier**. | | | |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: | GESUBDELEGEER AAN | |
|---|---|---|---|---|
| | | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
| Beleid 03/2016 – Raadsbesluit 18/10.2/2016<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.1 Goedkeuring vir die afsaag van bome op privaateiendomme van persone wat as hulpbehoewend geregistreer is. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.2 Die uitreiking van sertifikate tot die effek dat die bodemgesteldheid van 'n eiendom, waar 'n dorp gestig staan te word, geskik is vir die oprigting van 'n gebou volgens konvensionele boumetodes. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | SB SB & BB |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.3 Die bepaling van watter erwe, persele en terreine by die Raad se elektrisiteits-hoofleidings aansluitbaar is. | MUNISIPALE BESTUURDER | DEMD | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.4 Binne die raamwerk van die goedgekeurde verkoopvoorwaardes, soos neergelê deur die Raad in oorleg met die Munisipale Bestuurder en binne die Raad se beleid, toestemming te verleen tot 'n aansoek om uitstel om 'n erf te ontwikkel. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | B SEKR |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.5 Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste van tyd-tot-tyd in die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder alle dokumente met betrekking tot grondtransaksies namens die Raad onderteken, wat deur die Munisipale Bestuurder in sy persoonlike hoedanigheid met die Raad aangegaan word. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | |
| Beleid 026/2016 – Raadsbesluit 41/10.2/2016<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.6 Om met betrekking tot regsaan-geleenthede relevante regsmenings, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, van die Raad se adviseurs te verkry. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | HABR |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: | GESUBDELEGEER AAN | |
|---|---|---|---|---|
| | | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.7 Om ingevolge die bepalings van die voorwaardes betreffende die huur van sale en toebehore van die Raad en enige wysiging daarvan, toestemming te verleen om dit te verhuur. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | B SEKR |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.8 Die uitreiking van uitklaringsertifikate teen betaling van die voorgeskrewe gelde. | MUNISIPALE BESTUURDER | HFB | SB H & I |
| Raadsbesluit 22.10/01/2003 | 4.9 Beskikbaarstelling van 'n terrein vir pretparke en sirkusse. | MUNISIPALE BESTUURDER | DSID | |
| Raadsbesluit 12.6/03/2003 | 4.10 Die uitreiking van soneringsertifikate en onderverdelingsdiagramme teen betaling van die voorgeskrewe gelde. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | SBSB&BB |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.11 Toesig te hou met betrekking tot ooreenkomste van die Raad vir die oprigting van geboue, paaie, brûe, ens en enige bou- en konstruksiewerk wat vir die Raad ingevolge 'n ooreenkoms gelewer word en enige stuk, sertifikaat, of verklaring in verband daarmee, te onderteken. | MUNISIPALE BESTUURDER | DSID | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.12 Die uitreiking van sertifikate vir die verskaffing van noodsaaklike dienste, waar daar aan die bepalings van die Raad voldoen is, in oorleg met die betrokke Departementshoofde. | MUNISIPALE BESTUURDER | DSID<br>DEMD | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.13 Die bepaling van watter erwe, persele en terreine, by die Raad se water en rioolhoofgeleidings aansluitbaar is. | MUNISIPALE BESTUURDER | DSID | |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | GESUBDELEGEER AAN FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
|---|---|---|---|---|
| Beleid 05/2016 – Raadsbesluit 20/10.2/2016 | 4.14 Die tuinboukundige ontwikkeling en verfraaiing van sypaadjies en verkeerseilande en die keuse, voorsiening, plasing en/of verwydering van straatbome. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.15 Om skemas met betrekking tot die nommering van huise te oorweeg en goed te keur. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | SB SB & BB |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.16 In gevalle waar die Raad 'n vergunde gebruik toegestaan het en die onderneming van eienaar verwissel, die verleen van goedkeuring aan die nuwe eienaar om sy regte in terme van die vergunde gebruik voort te sit, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat nodig geag word, in oorleg met die Senior Bestuurder Stadsbeplanning & Boubeheer. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | SB SB & BB |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.17 Magtiging vir die terugbetaling van bouplangelde op sodanige voorwaardes as wat van tyd-tot-tyd deur die Raad gestel word. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | SB SB & BB<br>BB |
| Raadsbesluit 14.5/04.1/99 (UK) | 4.18 Die goedkeuring van boulynverslappings by skakelhuise wat vroeër op Residensieel I erwe opgerig is. | MUNISIPALE BESTUURDER | DO&B | SB SB & BB<br>BB |
| Begraafplaas Verordening 2 van 2012 | 4.19 Aansoeke om die verkoop van grafpersele te finaliseer en daarmee gepaardgaande, die toepassing van die Raad se begraafplaasverordeninge. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| **TOEPASLIKE** | **BEVOEGDHEID** | **GEDELEGEER AAN:** | **GESUBDELEGEER AAN** | |

| WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | (Kolom 2) | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
|---|---|---|---|---|
| Swembad Verordening 15 van 2012 | 4.20 Die Raad se sweMunisipale Bestuurderaddens, ingevolge die Raad se SweMunisipale Bestuurderadverordeninge en die Raad se beleid, tydelik vir die publiek te sluit en die gebruik van die sweMunisipale Bestuurderaddens aan skole of swemklubs beskikbaar te stel, teen betaling van die bedrae deur die Raad bepaal. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.21 Die beskikbaarstelling van alle munisipale sportfasiliteite en feesterrein aan sportliggame en die publiek, ingevolge die Raad se toepaslike besluite en teen betaling van die bedrae soos deur die Raad bepaal. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| Beleidsbesluit : Direksie van 3/8/2006 | 4.22 Verskaffing van vuurmaakhout aan naasbestaandes van oorledenes in gevalle van geregistreerde hulpbehoewendes. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| Beleid 010/2016 - Raadsbesluit 25/10.2/2016 | 4.23 Verskaffing van dekorasieplante aan regeringsinstellings en skole. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| Beleid 09/2016 - Raadsbesluit 24/10.2/2016 | 4.24 Beskikbaarstelling van munisipale parke vir ander doeleindes as vryetydsbesteding. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | B Parke |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.25 Tydelike sluiting van strate vir verkeersbeheer. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | HVD |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 4.26 Die bepaling en aanbring van laaistroke in die sakegebiede. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | HVD |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: | GESUBDELEGEER AAN | |
|---|---|---|---|---|
| | | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
| Artikel 55 van Wet 32/2000 | **5. Die aanstelling van personeel uitsluitend diegene verwys na in Artikel 56(a), onderhewig aan die Wet op Gelyke Indiensneming [Wet 55 van 1998]** | | | |
| Menslike Hulpbronne Voorsieningsbeleid. Raadsbesluit 20/11/2008 | 5.1 Die oorplasing van personeel van een Departement na 'n ander Departement in samewerking met die Direkteur Korporatiewe Dienste. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Beleid 016/2017 – Raadsbesluit 13.13/04/2017<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 5.2 Die goedkeuring vir die hervatting van werk voordat 'n werknemer se vakansieverlof verstryk het. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD, HFB, DGD, DSID, DEMD, DO&B | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 5.3 'n Amptenaar in 'n waarnemende hoedanigheid, ooreenkomstig die beleid van die Raad, aanstel. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Menslike Hulpbronne Voorsieningsbeleid. Raadsbesluit 20/11/2008 | 5.4 'n Vakature mag nie gevul word nie, tensy -<br>(a) Die Munisipale Bestuurder se skriftelike goedkeuring verkry is en<br>(b) voldoende voorsiening in die ter sake begrotingspos vir daardie aanstelling gemaak is. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Menslike Hulpbronne Voorsieningsbeleid. Raadsbesluit 20/11/2008 | 5.5 Advertering van vakatures | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: | GESUBDELEGEER AAN | |
|---|---|---|---|---|
| | | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
| Artikel 55 van Wet 32/2000 | **6. Die bestuur, effektiewe aanwending en opleiding van personeel.** | | | |
| Raadsbesluit 19.2/08/2003<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.1 Om te besluit oor welke poste vir oorbruggingshulp vir behuising, ingevolge paragraaf 11 van Raadsbesluit 19.2/08/2003 van 25 Augustus 2003 kwalifiseer. | DIREKSIE | | |
| Waarnemings- en Bykomende Werktoelaebeleid<br>Besluit 21/11/2008 | 6.2 Om te besluit oor aanbevelings van Departementshoofde vir die betaling van die ekstra dienstoelae aan personeel wat ekstra werk verrig. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Waarnemings- en Bykomende Werktoelaebeleid<br>Besluit 21/11/2008 | 6.3 Om te besluit oor die betaling van 'n waarnemingstoelae aan amptenare wat in 'n hoër pos waarneem. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Raadsbesluit 21.18/04/2003 | 6.4 Goedkeuring van voorskotte vir alkohol/psigiatriese behandeling. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Raadsbesluit 23.2/01/2003 | 6.5 Bewoning van Raadswonings. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Beleid 014/2017 – Raadsbesluit 13.11/04/2017<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.6 Om studiebeurslenings aan personeel wat daarvoor kwalifiseer, ooreenkomstig die beleid van die Raad toe te staan. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Beleid 013/2017 – Raadsbesluit 13.9/04/2017<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.7 Die goedkeuring van beplande oortyd aan amptenare op die goedgekeurde salarisskaal van die Raad, sowel as die kondonering van onbeplande oortyd. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD, HFB, DGD, DSID, DO&B, DEMD | |
| Beleid 054/2016 – Raadsbesluit 21/11/2016<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.8 Vergoeding van reis- en verblyfuitgawes, deur Direkteure in die uitvoering van hul pligte, volgens Raadsbeleid te magtig. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |

| **TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I)** | **BEVOEGDHEID (Kolom 2)** | **GEDELEGEER AAN:** | **GESUBDELEGEER AAN** | |
|---|---|---|---|---|
| | | **FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 4)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 5)** |
| Beleid 014/2017 – Raadsbesluit 13.11/04/2017<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.9 Goedkeuring vir die opleiding van personeel, insluitende deeltydse personeel en reserviste, te verleen. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD, HFB, DGD, DSID, DO&B, DEMD | |
| Beleid 015/2017 – Raadsbesluit 13.12/04/2017<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.10 Aanvaarding van skriftelike kennisgewing van diensbeëindiging van minder as een maand. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Beleid 016/2017 – Raadsbesluit 13.13/04/2017 | 6.11 Die oorweging van alle aansoeke om verlof, insluitende eksamen & studieverlof van personeel onder sy beheer, uitgesonderd verlof waarvoor die LUR vir samewerkende Regering, Menslike Huisvesting & Tradisionele Sake se toestemming, ingevolge die Verlofregulasies, verkry moet word. (Met dien verstande dat, ten opsigte van die funksie om verlofaansoeke te oorweeg hy teen enige werknemer onder sy beheer kan handel). | MUNISIPALE BESTUURDER | BMB, DSID, DKD, HFB, DGD, DEMD, DO&B | |
| Beleid 016/2017 – Raadsbesluit 13.13/04/2017 | 6.12 In oorleg met die Munisipale Bestuurder, 'n beampte van verlof terug te roep, of die neem van goedgekeurde verlof uit te stel, indien die vereistes van die diens dit noodsaak en magtiging te verleen om die verlof binne ses maande na die vervaldatum te neem. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD, HFB, DGD, DSID, DO&B, DEMD | |
| Raadsbesluit 24/11/2008<br>25 NoveMunisipale Bestuurderer 2008 | 6.13 Verseker dat Artikel 57 Amptenare Prestasiebonusse ooreenkomstig Raadsbeleid ontvang. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| | **BEVOEGDHEID** | **GEDELEGEER AAN:** | **GESUBDELEGEER AAN** | |

| **TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I)** | **(Kolom 2)** | **FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 4)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 5)** |
|---|---|---|---|---|
| Wet op basiese Diensvoor-waardes, Wet 75/1997 | 6.14 Uitreiking van dienssertifikate onder die handtekening van die Munisipale Bestuurder. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.15 Deurgee van mandate ten opsigte van aanstellings en bedankings aan finansies. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Beleid 016/2017 – Raadsbesluit 13.13/04/2017<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.16 Die goedkeuring van alle aansoeke om verlof van die Munisipale Bestuurder, uitgesonderd verlof waarvoor die Lid van die Uitvoerende Raad vir Samewerkende Regering, Menslike Huisvesting & Tradisionele Sake se toestemming, ingevolge die verlofregulasies, verkry moet word. | BURGEMEESTER | | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.17 Die uitbetaling van gratifikasies aan werknemers wat daarvoor kwalifiseer in ooreenstemming met Raadsbeleid en Wetgewing. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Raadsbeleid Property Rates Policy (as amended annually) | 6.18 Goedkeuring van belastingverligting aan pensioentrekkers **en medies ongeskikte persone,** onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad van tyd-tot-tyd bepaal. | MUNISIPALE BESTUURDER | HFB | SB H & I |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: | GESUBDELEGEER AAN | |
|---|---|---|---|---|
| | | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
| Beleid 054/2016 – Raadsbesluit 21/11/2016<br>Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.19 Vergoeding van reis- en verblyfuitgawes, deur amptenare in sy departement in die uitvoering van hul pligte, volgens Raadsbeleid te magtig. | MUNISIPALE BESTUURDER | BMUNISIPALE BESTUURDER, DSID, DKD, HFB, DGD, DEMD, DO&B | |
| Beleid 015/2017 Raadsbesluit 13.12/04/2017 | 6.20 Goedkeuring van die terugtrekking van bedankings van amptenare. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Beleid 050/2016 - Raadsbesluit 17.18/11/2016 | 6.21 Toekenning van amptelike sellulêre telefone aan amptenare in sleutelposte, ooreenkomstig relevante Raadsbesluit. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.22 Die goedkeuring van hulpverlening met betrekking tot Brandweer- en Verkeersdienste, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, buite die munisipale gebied met inagneming van die plaaslike behoeftes en omstandighede, in ooreenstemming met die beleid van die Raad. | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | |
| Wet op Rampbestuur 57/2002 | 6.23 Die toepassing van die bevoegdhede van die Raad, kragtens die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming 1977 en die Wet op Burgerlike Beskerming soos gewysig in afwesigheid van die Munisipale Bestuurder. (Hoof Brandweerdienste.) | MUNISIPALE BESTUURDER | DGD | HBD |

| TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I) | BEVOEGDHEID (Kolom 2) | GEDELEGEER AAN: | GESUBDELEGEER AAN | |
|---|---|---|---|---|
| | | FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3) | FUNKSIONARIS (Kolom 4) | FUNKSIONARIS (Kolom 5) |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.24 Om indiensneming van studente en skoliere te magtig | MUNISIPALE BESTUURDER | | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 6.25 Goedkeuring vir die betaling van Behuisingsubsidie volgens Raadsbeleid. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Raadsbeleid 19.2/08/2003 van 25 Augustus 2003 | 6.26 Tref van reëlings vir die betaling van behuisingshulp aan nuut aangestelde personeel vanaf buite die jurisdiksiegebied van die Raad. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Raadsbesluit 13.4/03/2003 van 31 Maart 2003 | 6.27 Die daarstelling van 'n veilige werkplek ooreenkomstig bepalings van relevante wetgewing. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Raadsbesluit 21.4/04/2003 van 29 April 2003 | 6.28 Die uitbetaling van *pro rata* vakansie besparingsbonusse van personeel wat uit diens tree. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| Raadsbesluit 9.9/11/96 | 6.29 Goedkeuring van salarisvoorskotte. | MUNISIPALE BESTUURDER | DKD | SBMH |
| | **7. Dissipline** | | | |
| Artikel 55 van Wet 32/2000 | 7.1 Die handhawing van dissipline ten opsigte van personeel. | MUNISIPALE BESTUURDER | BMB, DSID, DKD, HFB, DGD, DEMD, DO&B | |
| Artikel 59 van Wet 32/2000 | 7.2 Personeel in goedgekeurde poste te skors en nadat die nodige ondersoek / verhoor afgehandel is, in diens te herstel of te ontslaan. | MUNISIPALE BESTUURDER | | |

| **TOEPASLIKE WETGEWING/RAADSBELEID/ RAADSBESLUIT/ VERORDENING (KOLOM I)** | **BEVOEGDHEID (Kolom 2)** | **GEDELEGEER AAN:** | **GESUBDELEGEER AAN** | |
|---|---|---|---|---|
| | | **FUNKSIONARIS in terme van Artikel 55 van MSW (Kolom 3)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 4)** | **FUNKSIONARIS (Kolom 5)** |
